# TOYOTA 4X4 EIENAARSKLUB NUUSBRIEF

VOLUME 2, UITGAWE 1 APRIL 2023


## JAAREINDFUNKSIE 2022













### INHOUDS OPGAWE:


| | |
|---|---|
| Bankbesonderhede | 2 |
| Kontak Ons | 2 |
| Webblad & Facebook | 2 |
| Bestuurskomitee | 3 |
| Lief en Leed | 4 |
| Jaarlikse Ledegelde | 4 |
| Klub Inligting | 4 |
| Visie, Missie & Waardes | 5 |
| Vorige Byeenkomstes: | 6 - |
| Jaareindfunksie 2022 | 6 - 7 |
| Komitee Jaarbeplanning | 8 - 9 |
| Dinokeng Vakansie Oord | 10 |
| Gevorderde Opleiding | 11 |
| Barberton, Berge Vol Goud | 12-15 |
| Toekomstige Byeenkomstes | 16-17 |
| Belangrike Datums om te Onthou | 18 |
| Van die Redaktrise | 18 |
| Goliath's Footprint | 20-22 |
| Toy-Genotjies | 23 |
| Herwinningstoerusting | 24 |

# BANKBESONDERHEDE

| | |
|---|---|
| **Bank:** | Nedbank |
| **Tak:** | Pretoria Noord |
| **Rekening Naam:** | Toyota 4x4 Eienaarsklub |
| **Rekening Nommer:** | 1375001728 |
| **Tak Kode:** | 159745 |
| **Verwysing:** | Jou Naam & Van / Klubgelde |
| **Aandag:** | Susan Dellemijn |
| **Epos:** | susan@auditworks.co.za |

# KONTAK ONS

Posbus 31061
Totiusdal
Pretoria
0134

# WEBBLAD EN FACEBOOK

Gaan besoek gerus ons webblad by:

https://www.toyota-4x4.org/

Sowel as ons bakkies blad op Facebook by Toy-Pos SA.

Kontak gerus vir Maria Huxtable 083 447 4859 as jy foto's wil deel of 'n storie wil deel met die nuusbrief.

# BESTUURSKOMITEE 2023

**Pierre Dellemijn**
Voorsitter,
Opleiding, Toerusting.
082 446 3605
pierred2011@gmail.com

**Marius Nel**
Onder Voorsitter,
Opleiding, Lang Toere Beplanning
082 555 5609
deloise@mweb.co.za

**Maria Huxtable**
Sekretaris,
Jaarprogram, Advertensies,
Nuusbrief.
083 447 4859
marial.huxtable@gmail.com

**Japie du Plessis**
Kommunikasie (Facebook),
Radio's.
079 653 7218
japieduplessis@gmail.com

**Alta Joubert**
Klubbemarking.
082 415 0669
ajoubert@ccbagroup.com

*"Die hartklop van die Klub"*

**Riaan Louw**
Fonds Insameling.
072 395 7376
taregist@gmail.com

**Achim Wurster**
Radio's,
Kommunikasie (Nuusbrief),
Gewone Opleiding.
083 229 8347
awurster@iafrica.com

**Anton Smith**
Klubbemarking,
Fonds Insameling.
082 706 8983
antonsmith51@gmail.com

**Susan Dellemijn**
Tesourier,
Lede Administrasie.
082 825 7270
susan@auditworks.co.za

# Lief en Leed

- Theuns en Luriska Kruger verwag hul eerste seuntjie. Baie geluk!
- Geluk aan Ben en Esther Le Roux, hulle het twee kleinkinders ryker geword! Caro is die 17de November 2022 en Liam is die 27ste Maart 2023 gebore. Baie geluk!
- Gerhard en Charmaine Hattingh was in die hospitaal gewees. Hulle word beterskap en vinnige herstel toegewens.

# JAARLIKSE LEDEGELDE

Die voorgeskrewe jaarlikse ledegelde van die Klub was tydens die Algemene Jaarvergadering 2022 hersien.

- Daar is 'n toetreebedrag van R 200.00 betaalbaar deur elke nuwe lid.
- Oud klublede wat bedank het en weer aansluit sal 'n toetreebedrag van R 50.00 betaal.
- Die jaarlikse ledegelde is R 450.00

Alle klublede word daaraan herinner om hierdie ledegelde so gou as moontlik te betaal.

# TOYOTA 4X4 EIENAARSKLUB

- 'n Lid is self verantwoordelik om sy gade in te lig van die klubaktiwiteite. Die jaarprogram is ook beskikbaar op die webblad om lede vroegtydig bewus te maak van toekomstige byeenkomste.
- Maak asb gebruik van die webblad. Die kalender sal op datum gehou word. Alle informasie rakende die jaarprogram en klub inligting is op die webblad.
- Die klub vra asseblief dat lede hulle jaarlikse klublede geld betaal voor enige naweek of toere bygewoon kan word.
- Indien 'n kommunikasiedag of daguitstappie bygewoon gaan word, stel asb die nodige komiteelid in kennis. Daar word baie moeite gedoen om bykosse te reël vir hierdie byeenkomste.

# TEK 4x4 KLUB SE VISIE, MISSIE en WAARDES

**VISIE**

- 4X4 Familie betrokkenheid.

**MISSIE**

- Om families in staat te stel om 4x4 voertuie verantwoordelik in die natuur te gebruik.

**WAARDES**

- Verantwoordelikheid en Respek
- Kameraadskap
- Toegewydheid
- Opleiding
- Natuurbewaring
- Bekostigbaarheid
- Dissipliene
- Passie

# VORIGE BYEENKOMSTES

## JAAREINDFUNKSIE

































**"Kersfees Vader het ons ook besoek en geskenkies uitgedeel"**











# VORIGE BYEENKOMSTES

## Komitee jaarbeplanning

### 20 - 22 Januarie 2023

Die komitee en gades het bymekaar gekom die 20ste Januarie by Sondela Tambuki en die Saterdagoggend net na ontbyt begin met die beplanning vir die nuwe jaar.

Ons het al die voorstelle wat die klublede gegee het tydens die Algemene Jaarvergadering gebruik. Idees en voorstelle was bespreek deur die komitee en gades en so stuk-stuk word die toere, daguitstappies, naweke op die kalender vasgepen. Na 'n lang Saterdagoggend se bespreking en redenasie het ons op 'n trekker wildrit gegaan en pragtige diere in hul natuurlike habitat gesien, van voeëllewe tot majestueuse diere soos rooibokke, koedoes, kameelperde en vlakvarke. Dit is warm en ons het heerlik gaan afkoel in die swembad en 'n lekker koue geniet!

Die aand moes ons tradisionele drag van 'n land volgens ons voorletters aantrek. Daar is geraai watter land word voorgestel deur ons mede komiteelede. Die prys vir die "best dress" en oorspronklike drag word gewen deur Natania Smith.

Sondagoggend het ons almal saam ontbyt gemaak en nog 'n rukkie gekuier voordat ons huiswaarts gekeer het.

Ons hoop julle ondersteun die Klub se byeenkomstes in 2023!!

Ons vra nie dat jy met elke byeenkoms daar moet wees nie maar wel om so 'n bietjie meer jou gesig te kom wys.

*Komitee*



*"Kyk ek het tog 'n langbroek en skoene aan ouens ..."*



*"Idees en voorstelle was bespreek deur die komitee en gades en so stuk-stuk word die toere, daguitstappies, naweke op die kalender vasgepen."*



"Best dress" en oorspronklike drag



Achim is gestraf omrede hy nie tradisionele drag aan getrek het

*"Ek is tog mooier as jy!"*




















# Dinokeng naweek!!!

## 10 - 12 Februarie 2023

*"Nie eers die reën kon ons keer nie, ons gaan kamp"*

Nie eers die reën kon ons keer nie, ons gaan kamp. Almal het in 'n lekker gees gearriveer vir die naweek, opgeslaan in die reën en ook gekuier in die reën.


Vrydag aand het almal lekker saam gebraai, so bietjie onder die awnings gesit en as die druppels ophou dan skuif ons weer uit, maar die samesyn was lekker.





Saterdag het ons gaan bier proe en toe 'n lekker pot by die kamp aan mekaar geslaan. Dankie Riaan en Theuns, ons almal het lekker geëet.





As ek so na Susan se gesig kyk was sy eers versigtig om te byt en die volgende een het sy besef nee die was 'n fout.



Maar weereens het almal van ons 'n lekker naweek gehad - lekker gelag.

Hoop ons sien julle by die volgende een!

*Alta Joubert*

# Gevorderde Opleiding

# 24 - 26 Februarie 2023



*"Julle moet nou mooi luister!"*

Stadig maar seker het almal Vrydagmiddag hul verskyning gemaak by Kwaggasrus, 5 chalets vol. Daar is lekker gekuier en gebraai tot laat aand. Pierre en Susan, Marius en Madelein is ons leiers vir die naweek. Piet en Esmé, Jean-Pierre en Elizna & Zian en Anton is die res van die geselskap.

Saterdagoggend om 07:30 is ontbyt voor die kursus begin. Lekker muffins!

Pierre bied die kursus aan met Marius as "back-up". Elke tou het 'n naam en slegs "bow shackles" word gebruik, nie "D shackles" nie. Al die scenario's word voorgelê met die korrekte oplossings. Ons moet "kophou". Ons kry vasvrae! Ons gaan prakties doen na middagete.



Prakties begin by die afdak. Ons kry almal 'n beurt om met die toue en "shackles" te werk. Hierna ry ons in ons voertuie na die baan toe. Twee voertuie word gebruik. Piet se voertuig sit vas teen 'n skuinste met 'n papwiel ook. Anton moet ons uitsleep, maar dit is nie so eenvoudig nie! Die scenario bly verander. Pierre is moelik!! Marius help ook nie! Die voertuig moet eers stabiel gemaak word voor enigiets kan voortgaan.

*"Is dit hoe 'n mens dit moet doen?"*



Nie maklik nie. Wie is die leier? Daar leer ons les nommer een. Toue, ketting, "shackles" nog toue en wenas word gebruik sowel as 'n "tree hugger". Dit is warm en ons al 4 ure besig! Die fluitjie blaas en ons het gewen! Terug kamp toe.

Die aand kuier ons weer lekker om die vuur. Aandete is roerbraai, yum! Dàar is baie stories vertel en gelag.

Sondagoggend lekker ontbyt waarna ons stap om die diere te besoek op die plaas. Die dag kom tot 'n einde waar almal op hul tyd huiswaarts verkeer.

Dankie vir die kennis en lekker kuier.

*Piet Coetzer*



*"Piet se voertuig sit vas teen 'n skuinste met 'n papwiel ook."*







# Barberton se Berge Vol Goud

## 07 - 10 April 2023





Barberton Makhonjwa Berglande



…. Dit bly Mooi
…. Dit bly Lekker
…. Dit bly 'n Voorreg

… So, paar minute na ses, dit is besig om winter te word, die luggie is koel, dit is nog stil so in die vroegoggend… en dan… dan start Marius die kar…. daardie V8…. hoe sê hulle… "dis 'n Cruiser ding… as jy nie weet nie, sal jy nie verstaan nie".

Eerste ontmoeting is by Rose Haven. Almal is opgewonde, ou bekendes is bly om mekaar weer te sien en nuwe vriende gretig om saam te gesels. Marius open met gebed, herinner ons oor die belangrikheid van DIE dag en almal oordenk gepas die Kruisiging van Jesus – die gemeenskap van die gelowiges – dit speel darem maar 'n rol…

*"…. Dit bly Mooi*
*…. Dit bly Lekker*
*…. Dit bly 'n Voorreg"*

…Dan, val almal in die konvooi … rigting – Barberton. Marius voor, Stoffel met daai kakie 2.7, Jako, Riaan, Rudi & Alta en raai wie?...wie ry alweer agter…? Die pad is besig, maar ons vorder goed. Net anderkant die tolhek by Middelburg sluit Maria en die Engelsman by ons aan en nou is ons volledig.

Nog 'n stuk ent gery en nou raak almal lus vir die muffins





wat Madelein gebak het. By Alzu trek ons af en kry koffie vir die lekkerny wat dan "breakfast" ook is…. Daar sien ons darem ook amper al die groot vyf, wat die petrolpomp se prys insluit… almal gesels weer, eet, gesels, eet, dit was baie lekker, dankie tannie Madelein.

Ons vat weer pad, links, regs, links, regs deur Machadodorp uit Baberton toe. Dit is die



watter pas nou weer? Maria sal weet. Die pad is oukei, tot op een plek waar daar nie eintlik meer pad is nie, maar almal is deur en skielik is dit daar… die Laeveld…. groen valleie en daai "rolling hills"… verskriklik mooi! Die tweerigting radio word sommer so bietjie stiller soos ons in verwondering voortstu.

Ons begin Barberton so tussen die bome en heuwels sien en met die dorp binnegaan, vind ons rigting na die Plaaskombuis. Almal nou al 'n bietjie dun en wil ook die boude lawe. Lekker geëet, doen 'n toer deur Maria se dorp en sy wys ons al die interessante plekke en waar sy en Dave gevry het. Die Tuin van Herinnering bring

nostalgië mee en ons leer ook dat Lee-Ann se oupa die burgermeester van Barberton op 'n tyd was …. en ek dink hoe ons almal se wortels in hierdie land ingebed is, oorals lê 'n stuk van ons….

Ons gaan op 'n skilder rit teen die Saddleback pas op, Swasiland se kant toe... daar kry ons die eerste geleentheid vir 'n kiekie. Ons sien en lees ook



oor die vorming van die gebied en Jako vertel ons van die meteoriet wat die aarde hier geslaan het so paar jaar terug en op die inligtingsborde kan 'n ou dan nou lees hoe die aardkors toe gevorm en watter klippe mens daar kry en hoe die goud daar gekom het – blykbaar Jan van Riebieek se skuld gewees, die meteoriet-ding … maar aan die los "los", klein "klein"-klippe/rotse wat teen die hange lê, kan 'n mens nogal sien die storie moes nogal 'n besienswaardigheid gewees het.

Trek in by Diggers Retreat, kamp op slaan en uitspan. Daar is bordjies wat waarsku teen seekoeie en krokodille…. Ek glo dit nie, maar word verkeerd bewys toe daar wragties 3 van hulle daar inboek vir die aand! .... seekoeie… regtes. 'n Klomp "mechanics" begin daar aan 'n wa werk…. Hy word 'n bietjie warm teen die opdraandes, en daar is baie van daai hier in die berge.

Vir vermaak het Madelein vir ons 'n dans gereël, maar ons moet dit self doen – een-een…. En dan moet die ander raai wat ons dans…??? O, pictuanerrie ... wat ook-al, maar Alta is baie goed met dit.

Sy ken almal se streke en raai elkeen reg. Op 'n meer ernstige noot begin die manne te braai en ons eet te lekker tjops, wors en braaibroodjies…. Kerels, julle kan braai, maar daai braaibroodjies was die wenner! Dankie aan al die girls wat dit gebou het!

Vandag gaan ons saam 'n ou uit, daar in die berge in…. hy het darem ook 'n Cruiser… eers nog so ent deur die dorp en dan die bosse in en op met die berg. Dit is mooi, regtig mooi… op 'n stadium vra die gids oor die radio of iemand die mooi kan beskryf met 'n poëtiese toon… en Pierrie sê iets in die lyn van: dat dit wat hy nou sien so mooi is, dat hy nie woorde het om dit te beskryf nie, maar die eerbied met hoe hy dit gesê het, hoor ek dat hy eintlik al die Lof en die Eer aan die Drie Enige God gegee het, dat Hy met so sorgvuldige hand hierdie aarde geskep het en dat die skoonheid van Sy skepping, met niks kan vergelyk word nie.

***"al die Lof en die Eer gaan aan die Drie Enige God, dat Hy met so sorgvuldige hand hierdie aarde geskep het en dat die skoonheid van Sy skepping, met niks kan vergelyk word nie."***

Die gids gaan wys ons Sheba myn. Dit is blykbaar die myn wat die rykste goudrif in die wêreld gelewer het, en deur 'n ene Edwin Bray ontdek of gevind was toe hy eendag daar in die veld geloop het en die klip vol goud raak gesien het. Hoekom ek dit noem is dat die Edwin 61 jaar oud was toe hy die klip opgetel het…. Wat my weer moed gegee het dat ek sommer dadelik begin rondkyk het



vir dalk so ou gelukkie. Die hoop is gou in die wiele gery toe ons by een hindernis stadig oor die klippe moes gaan en Pierre sê vir my dat ek nie so vir die grond mag kyk nie want daar is nie goud of diamante nie??? Gepraat van die hindernis…. Ek sal nou nie name noem nie, maar ons ry nog so lekker toe kry ons 'n Landy wat so skeef staan…. Nou van agter af lyk dit soos 'n "axle-twister" … julle weet mos hoe lyk dit…. 'n 4x4 wat so met die een hoek van die bak ver bo die ander kant staan … die een was so bietjie erger, die Landy se remligte het op sy bonnet geskyn….. en hy staan net daar…. Soos 'n kat wat in water getrap het en nie weet wat om te doen nie…. 'n baie kalm maar versekerde stem bevestig dat Marius moet asseblief kom help want soos ons later gehoor het was daar trane betrokke by, links voor….

Lekker gery, kom bo-op die berg by die wilde-kamp…. Dis wild, die gras is so lank dat ons die GPS'se moet gebruik om by die kuierplek uit te kom…. Daai aand drink ons nie… (ja, right)



**Daar is bordjies wat waarsku teen seekoeie en krokodille….**

# Barberton se Berge Vol Goud



maar ons eet die lekkerste bolognaise en knoffelbrood. Weer eens, dankie tannie Madelein en al die helpers. Lekker geëet, lekker gesels, lekker geslaap en lekker geveltie. Dit was by Eureka City. 'n Dorpie wat in die goud storm tyd bo-op die berg gebou is vir zama-zama's en mans wat nie by die huis mag gedrink het nie.

Ons is berg af. Op een plek stop ons en kyk af op 'n werkende myn, koekepanne wat deur die lug met 'n kabelkar konsep aanhoudend produkte na die verwerkingsaanleg toe vervoer…. En ek dink… mense het guts…. Tussen die heu-wels sal daar 'n plan gemaak word…. Die geld moet net reg wees… Deur die plantasie (dankie tog dit was net een, maar die was groot, en lank) …. maar dit was nog lekker om net te ry.



En toe is dit Kaapschehoop toe. Ook 'n onbekende pad gery, deur die plase in die Laeveld, weereens mooi. By die Silver Mist oornag… baie mooi, bietjie gekuier by die Nagkantoor en 'n lekker warm bad gevat na die koue lang nat gras.


Voor ontbyt help ons om vier avonturiers te gaan soek…. Hulle het net so bietjie verdwaal maar het die pad weer teruggevind, net soos Hansie en Grietjie en was ongedeurd. Dit is eintlik opwindend, al die dinge wat so onbeplan gebeur…. dit is die dinge wat 4x4 - 'memorable' maak….

N4 – huis toe… dit is stiller in die kar as wat ons gekom het…. Die radio praat ook net vir die nodige…
Ons groet by Milly's en dankie aan al die organiseerders, die kosmakers, die braaiers en aan ons Hemelse Vader vir die voorreg om hierdie mooi en lekker te kan geniet.

*Casper Cloete*



**Hier kamp 'n mens "wild" en moet jy geheel en al selfversorgend wees – met jou eie stort. Die ablusiegeriewe is jou graaf en die wye wêreld.**
















*"Eureka City wat in die goud storm tyd bo-op die berg gebou is vir zama-zama's en mans wat nie by die huis mag gedrink het nie."*









# TOEKOMSTIGE BYEENKOMSTES

## Moet dit nie misloop nie!




**Jabula Bush Camp**

19 - 21 Mei 2023

Riaan Louw

072 395 7376





**4x4 Daguitstappie**

28 Mei 2023

Anton Smith

082 706 8983

# TOEKOMSTIGE BYEENKOMSTES




**Berakah 4x4 Eko-roete**

16 -18 Junie 2023

Pierre Dellemijn

082 446 3605

# BELANGRIKE DATUMS OM TE ONTHOU

## Skryf dit in jou dagboek!

| | | |
|---|---|---|
| 22 - 23 Julie | - Ruah Park | Alta Joubert (082 415 0669) |
| 30 Julie | - Daguitstappie | Anton Smith (082 706 8983) |
| 09 - 13 Augustus | - Eswatini (Swasiland) | Achim Wurster (083 229 8347) |
| 23 - 25 September | - Drakensberge | Riaan Louw (072 395 7376) &<br>Alta Joubert (082 415 0669) |
| 14 Oktober | - TEK 4x4 Welsyndag | |
| 29 Oktober | - Daguitstappie | Anton Smith (082 706 8983) |
| 24 - 26 November | - AJV en Jaareindfunksie | |
| 03 Desember | - Kersete | |

Volg ons op Facebook **Toy-Pos SA**

# VAN DIE REDAKTRISIE

Ek is opsoek na die volgende:

- Lief en Leed, laat weet asseblief as daar enige siekte of goeie nuus is.
- Enige goeie, skoon grappe of stories wat vir die TEK Nuusbrief gebruik kan word.
- Fotos van waar jy 4x4 gery het.
- Ek is elke maand opsoek na 'n voorblad foto, natuurlik van ´n 4x4 in die klub. Die beste foto wat aan my gestuur word via e-pos sal die voorblad haal. Foto's moet verkieslik in "***portrait***" wees en nie "***landscape***" nie, indien moontlik.

Kom ons kry daai aksie fotos in!

- Enige kommentaar en voorstelle is ook welkom.

*Maria Huxtable*

083 447 4859

marial.huxtable@gmail.com

Daar is 3 woordjies wat mens saam sit in een sin wat die hele wêreld se einas kan gesond maak.

Net drie.

Tog steek daai drie woordjies soos 'n galbitter aalwyn in ons kele vas.

Die moeilikste drie woord sin op aarde.

En tog het daai drie woorde die krag om mense met stukkend harte weer heel te maak.

Om families wat in skerwe lê weer vas te plak.

Om voete weer te laat dans...

Om 'n huis weer te laat lag.

Self Jesus het vir Petrus die formule geleer, maar steeds kan ons nie daai wiskunde som doen nie.

7 x 70 = 490.

Terwyl ek die som met die klomp sewes so sit en uitpluis sien ek 'n ding...

Miskien is dit nie ek wat moet wag vir die "Ek is jammer, nie".

Miskien is dit my onvoorwaardelike "Ek vergewe jou" wat die som laat klop.

**Kopiereg:** Sit aan die ketel.

***"Daar is 3 woordjies wat mens saam sit in een sin"***

*If 'Plan A' didn't work, the alphabet has 25 more letters!*
*Stay cool.*
*A is for Adventure, and B is for Bravery.*
*But a rich life is mostly brought to you by the letter C,*
*for the Choice is yours to make it happen.*



# DID GIANTS WALK HERE?

## DID GIANTS WALK HERE?

THERE HAS ALWAYS BEEN A GIANT FOOTPRINT IMPRINTED IN THE ROCK THAT OVER THE YEARS HAS BEEN CALLED BY VARIOUS NAMES. THESE NAMES VARY FROM "BIG FOOL' TO 'GOLIATH'S FOOTPRINT" AND SOMETIMES EVEN REFERRED TO "ADAM OR JESUS" FOOTPRINT. OVER THE YEARS MANY PEOPLE HAVE COME TO SEE THIS GIANT FOOTPRINT IN THE ROCK NEAR LOTHAIR IN THE MPULUZI AREA.



*Rock face on which the 'giant footprint' is situated.*

### THE GIANT FOOTPRINT

Near the little town, Lothair, lies something that is becoming of the world's most intriguing mysteries. A 1.2 meter 'footprint' in a granite outcrop near Lothair, estimated by geologists to be between 200 million and 3 billion years old, has many convinced that giants once walked the earth.

**Was this once the home of giants?**

A strange question under normal circumstances, perhaps. But the prehistoric 'footprint' in the granite outcrop is certainly quite a convincing piece of evidence that giants once roamed this gorgeous part of South Africa. This imprint is about 120 centimetres long (from toe to heel) and bears the distinct shape of a bare foot. The print is in granite and shaped vertically.

Some believe that it's a matter of natural erosion, while others firmly maintain that the imprint could only have been left by someone having put weight on soft rock, like molten lava. (Of course, we also learn that granite is an igneous rock formed when lava solidifies underground…)

Whatever the case, it's a fascinating find and a fun sight for the whole family. Stand in the footprint for some seriously mysterious family pictures. Local African cultures have created myths and legends around the footprint and many visitors believe that there's some sort of good luck to be had by tossing a coin in its 'heel'. Some even attach religious significance to the print.



***Figure 1.*** *Rock face on which the 'giant footprint' is situated. Notice the many cavernous weathering structures, tafoni, on the rock face. Width of image is ± 4 m.*









***Tafoni***



***Figure 2.*** *The 'toes' of the 'footprint'. These are likely mini-tafoni produced because of the ledge of more resistant rock providing favourable conditions for tafone formation. Width of image is ± 0.7 m.*

***"It is even more difficult to contemplate what would happen to the 'giant' who was going for a stroll barefoot in this igneous material that being soft, was still blazing hot!"***

**Thoughts of Dr Robert Schoch on the so-called "Giant's Footprint" of South Africa**

By Dr Robert M. Schoch, Ph.D. [Education in geology, geophysics, and other disciplines]

My immediate impression, however, which further study and research has only strengthened, was that no giants need be invoked. Here was a wonderful natural weathering and erosion feature – a form that falls into the broad class of erosional features often found in rocks known as tafoni[1] – that in this particular case vaguely resembles a human foot imprint. The "footprint" is a natural simulacrum[2], not unlike seeing animals, angels, and human faces in the clouds. Reinforcing my first impression that this was nothing more than a natural erosional feature is the fact that the rock face on which it occurs is covered with other weathered-out cavities, one of which reminded me of the silhouette of a small snowman.

The problem is granite typically has a melting temperature of over 1200 °C, so it seems the giant might have severely burned his foot and the snowman melted rather quickly. But perhaps we have here evidence of a fire-walking giant (and a snowman who plays in fire as well?). Still, there are further complications that must be addressed. Granite forms many kilometres' below the surface of our planet, so apparently the giant and snowman were miraculously strolling through a hot, dense, magma composed of melted rock down in the bowels of Earth. It was all a bit too fantastic for me.

*Footnotes [1] and [2]. See page 22.*





***Figure 3.*** *Overview image of Robert Schoch standing near the granite erosional feature that has been misinterpreted as a giant footprint. Also visible is an erosional feature that resembles a snowman.*

# GOLIATH'S FOOTPRINT

**Footnotes:-**

[1] A **tafone (**plural: **tafoni)** is a geological formation that resembles a small cave with a round entrance and smooth, concave walls. Tafoni are often found in connected networks that have carved into cliffsides, hills, and rocky areas. Tafoni are most commonly formed in granite, sandstone, or sandy limestone and are particularly commonplace in semi-arid to arid desert climates. This formation is easily recognized due to its honeycomb, or sponge-like, appearance.

[2] **Simulacrum**: an image or representation of someone or something.

## REFERENCES


* Showme
* SA Venues
* Mpumalanga Tourism and Parks Agency - A Road Trip Back In Time
* Dr Robert M. Schoch, a full-time faculty member at the College of General Studies at Boston University since 1984, earned his Ph.D. in Geology and Geophysics



**Fair Use Notice**

I do not own this content. All credits go to its rightful owners.

This material constitutes a fair use of any copyrighted material as provided for in Section 12 of the SA Copyright Act of 1978 and its amendments.





As jy nie iets weet nie . . .
Google dit.

As jy nie iemand ken nie . . .
Facebook dit.

As jy nie iets kan vind nie . . .


**Roep jou MA!**

# TOY-GENOTJIES




**Kan jy hierdie blokkiesraaisels oplos?**

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 7 | x | 2 | = | | | | | |
| | | | | x | | | | | | |
| | | | | | x | 6 | = | | | |
| x | | | | = | | x | | | | |
| 3 | x | 6 | = | | | | x | 4 | = | 16 |
| = | | | | | | = | | | | |
| 27 | | | | | | | | | | |




| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 12 | + | | = | 36 | | | | |
| | | ÷ | | ÷ | | | | + |
| | – | | = | 4 | | | | 23 |
| × | | = | | = | | ÷ | | = |
| | | 6 | | | × | 5 | = | |
| = | | | | | | = | | |
| 56 | | 20 | – | | = | 11 | | 3 |
| | | + | | × | | | | × |
| 84 | ÷ | | = | | | | | 13 |
| | | = | | = | | | | = |
| | | | | 63 | – | | = | |

# SECURETECH HERWINNINGSTOERUSTING













Die **TOYOTA 4X4 EIENAARSKLUB** kan herwinningstoerusting verskaf aan ons lede teen bekostigbare pryse.

Kontak Pierre gerus as jy verdere produk inligting of 'n pryslys benodig, navrae het of as advies soek.

Kontak vir Pierre 082 446 3605 om jou herwinningstoerusting te bestel.

*Moenie wag tot jy dit nodig het, dan is dit te laat!*









Die

**Toyota 4x4 Eienaarsklub**

is geleë in

Pretoria, Gauteng.

**TOYOTA4x4 EIENAARSKLUB**

Posbus 31061

Totiusdal

Pretoria

0134

Sel: 082 446 3605 (Pierre Dellemijn)

Sel: 082 825 7270 (Susan Dellemijn)

E-pos: pierred2011@gmail.com (Pierre)

E-pos: susan@auditworks.co.za (Susan)

**ONS VISIE:**

**4X4 Familie betrokkenheid.**

**ONS MISSIE:**

**Om families in staat te stel om 4X4 voertuie verantwoordelik in die natuur te gebruik.**

**Ons is op die Web!**

**www.toyota-4x4.org**

